NOTULE VAN DIE MAANDVERGADERING GEHOU OP 12 SEPTEMBER 2011 BY DIE JEHOTTO NASKOOLSENTRUM, LES MARAIS.

Voorsitter	Sekretaris	Tesourier
Sumael Erasmus	HB Groenewald	LC de Jager
Tel 0836349638	Tel 012 6547438	Tel 012 6547420
	Of 0834694349	
	e-pos: herman.groenewald@lantic.net	
	faks: 0867508692	

1.0 Opening

1.1 Loutjie de Jager open die vergadering met gebed, en die Voorsitter heet almal hartlik welkom.

2.0 **Teenwoordig:**

2.1 SH Erasmus (Voorsitter), LC de Jager (Tesourier), JJ Champion, DD Fourie, NL Greyling, Deon Fourie, RM Heunis, DWJ Jacobsz, F du Preez, MT Mey, Jan de Plessis, Siki Tayob, C I Weyer (neem waar as sekretaris).

2.2 **Verskoning:** CJJ Snyman (President), HB Groenewald, Sias Spangenberg, Ds Jan Botha, LE Weyer, H Erasmus, B Grobbelaar, P Serfontein, CD Venter.

3.0 **Lief en Leed**

3.1. Dick Raven, voormalige lid, is afgelope naweek oorlede. Die PCBC stellasies word al jare lank gratis op sy seun se eiendom gestoor.

4.0 **Nuwe lede**

Aansoek ontvang van mnr Sikander (Siki) Tayob van Erasmia. Hy het nognie vantevore aan ‘n klub behoort nie. Begin nou met Glosters, Red Factors en Ringnekke.

5.0 **Fondsinsameling**

5.1 Die lede van New Colours is verantwoordelik vir die fondsinsameling by die Oktober 2011 maandvergadering. Neville sal ‘n bottel wyn by Kobus Champion besorg vir die lootjie.

5.2 Kobus Champion bied aan om weer ‘n mes te maak vir uitloot vir die Winterskou. Aanbod word met dank aanvaar.

5.0 **Bevestiging van notule van vorige vergadering**

5.1 Neville Greyling bevestig die notule van Augustus as korrek en Tewie Mey sekondeer.

6.0 Sake voortspruitend

6.1 Bedrag verskuldig tov van rosette – Hierdie punt staan weer oor.

6.2 Items te koop: Lourens de Jager het ‘n voëlhok 5x3x1.8m staal en gesweisde draad, prys onderhandelbaar.

6.3 Jan du Plessis het nie meer hout skaafsels nie. Stel voor dat lede Ericsons meubelmakers kontak.

6.4 Voorstel dat pryse en beskikbaarheid van saad nagevors word en op webwerf geplaas word.

6.5 Webruimte – positiewe ontvangs sover. Loutjie wil bg hok daar adverteer. Nuwe ledelys en skoudatums uitstaande.

6.6 Uitstaande ledegeld. Versoek dat lede eerder geskakel word want brief was ondiplomaties.

6.7 Werksessie: Voorlopig sal klub by bestaande saal op selfde tye vergader. Na die administrasie sal lede oor koffie, gesels oor voëls, of ‘n spreker reel. Francois du Preez sal by die Oktober vergadering oor “Cinnamon” praat.

6.8 Winterskou 2012 – reelingsvergadering nognie saamgeroep nie.
6.9 Nasionale Skou 2013. Francois du Preez noem moontlikheid van saal en fasiliteite by die Waterkloof Hoërskool. Hulle is naby snelweg en het verblyf in koshuis tydens skoolvakansie. Hy benodig 'specs' –e-pos van sekretaris met meer besonderhede soos datums, getal en sort vertrekke benodig ens sodat hy verder kan navraag doen en onderhandel.
6.10 Jongvoëlskou – wag vir ander skoudatums om datum te bepaal.

7.0 Finansiële Verslag

7.1 Finansiële verslag word voorgehou en goedgekeur.

8.0 SANCBA

8.1 Die notule van die vergadering gehou op 1 September is ontvang en kennis word geneem daarvan.
8.2 Sumael Erasmus se versoek om goedkeuring om Sias Spangenberg se Glosters namens hom te skou word nie goedgekeur nie. Blykbaar is 'n presedent geskep want twee jaar gelede is 'n soortgelyke versoek van Hennie van Wyk wel goedgekeur.
8.3 PCBC se nuwe komitee is van kennis geneem en affiliasie en ledegeld is ontvang.
8.4 Die voorgestelde wysiging van skouskedule vir papegaaie sal deur Manie Viljoen, Fred Barnicoat en 'n genomineerde van die Vryheid voëlklub ondersoek word.
8.5 Die Border beoordelaars sal onder mekaar beslis oor sommige beoordelaars wat glo nie streng volgens die Blouboek beoordeel nie.
8.6 Francois du Preez voldoen nou aan die vereistes van "A" beoordelaar van Glosters. Baie geluk aan hom.
8.7 Les Weyer se skrywe aan die Raad oor die her-rangskikking van die inhoud van die Blouboek word nie aanvaar nie.
8.8 Aktiewe beoordelaars – by die laaste konferensie is goedgekeur dat beoordelaars wat al langer as 10 jaar beoordeel en tans nie meer teel of skou nie, nog steeds mag beoordeel. Klubs word versoek om betrokke persone se name so spoedig moontlik aan die sekretaris te verskaf.
8.9 Geskiedenis van die vereniging. Fred Barnicoat het 'n volledige geskiedenis saamgestel en die boeke kan teen R50 stuk by die sekretaris bestel word.
8.10 Ringe: Ari du Toit stel ondersoek in na 'n heffing op ringe. Klubs word versoek om vas te stel hoeveel van hul lede as 'ringlede' beskou word, en ook om kommentaar te lewer op die moontlike heffing.
8.11 Versoek van PCBC dat die SANCBA notules ook op die PCBC webwerf geplaas word.

9.0 NRCBA

9.1 Die volgende vergadering is op 15 September.

10.0 Korrespondensie

10.1 Louw Fernandes het geskryf dat hy as gevolg van werksdruk al sy kanaries verkoop het en die klublidmaatskap bedank.

11.0 Algemeen

11.1 Lizette Erasmus sal die PCBC lapelwapen teen R30 borduur. Lede kan bestellings plaas en, indien so verkies, die hemde waarop dit moet gedoen word, voorsien.

12.0 Afsluiting

Die volgende vergadering vind plaas om 19:00 op 10 Oktober 2011.

S Erasmus
Voorsitter
12 September 2011

HB Groenewald
Sekretaris